

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| September 2018 Edition 2

Mahlangu showcases Ndebele heritage to the world

DESPITE HAVING no formal education, iconic Ndebele artist Esther Mahlangu has gained international fame, thanks to the passion she has for her heritage.

More Matshediso

Dr Esther Mahlangu (82) is the perfect embodiment of what can be achieved by embracing your heritage.

Mahlangu is known all over the world as the South African artist from the Ndebele nation who uses her contemporary painting style to represent amaNdebele.

Her work has been featured by various local and international brands such as BMW, Honda, British Airways, Albany and Tastic rice, to mention a few. It has also been showcased in many art exhibitions across the globe.


Vuk'uzenzele visited her home near Mthambothini in Mpumalanga to speak to her about the importance of embracing heritage and culture.

"My heritage is part of who I am. It is important for everyone to love who they are and respect their culture. Respecting your culture can take you places and also put food on your table," she said.

Youth and heritage

Mahlangu said young people should take it from her that sticking to their roots and embracing their traditions and culture could be their ticket to the world.

She has proudly embraced her Ndebele culture throughout her life, in how she



● **Cont. page 2**



Registering customary marriages protects families

Page 4



Crushing fruits for a healthier business

Page 6



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

Free Copy

Die registrasie van gebruikelike huwelike beskerm gesinne

Dale Hes

In Suid-Afrika is gebruikelike huwelike 'n aanvaarde deel van kulture en erfenis. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie huwelike regverdig en wettig uitgevoer moet word, sodat die regte van beide die man en die vrou beskerm word.

Die Kommissie vir Geslagsgelykheid se regsadministrateur, Marissa van Niekerk, verduidelik gebruikelike huwelike en die belangrike faktore wat mense in gedagte moet hou.

Vuk: Wat is gebruikelike huwelike?

MvN: Gebruikelike huwelike word gesluit ooreenkomstig die gebruike wat tradisioneel onder Suid-Afrikaners waargeneem word.

Vuk: Aan watter wette moet hierdie huwelike voldoen?

MvN: Gebruikelike huwelike word deur die Wet op die Erkenning van Gebruikelike Huwelike 120 van 1998 gere-



guleer. Die volgende vereistes moet nagekom word:

- Beide partye moet instem tot 'n huwelik met mekaar.
- Die gades moet albei ouer as 18 jaar wees, tensy die ouers of wettige voogde toestemming verleen wanneer een of albei partye minderjariges is.
- Die huwelik moet binne drie maande by die Departement van Binnelandse Sake geregistreer word om die belange van die gades,

kinders en familieledede te beskerm in geval van egskedding of dood.

- By die registrasie van die huwelik moet die gade kopieë van hul identiteitsdokument en 'n loba-laa-ooreenkoms indien (indien beskikbaar). Minstens een getuie van elke gesin moet ook teenwoordig wees.

- 'n Man wat 'n tweede huwelik met 'n ander vrou wil aangaan, moet by die hof

aansoek doen.

- Mense wat reeds in 'n siviele huwelik is, kan nie 'n gebruikelike huwelik aangaan nie.

Die Wet op die Erkenning van Gebruikelike Huwelike verklaar dat beide partye in die huwelik gelyke regte het as man en vrou.

Vuk: Wat is die potensiële probleme wat met gebruikelike huwelike verband hou?

MvN: Nie-registrasie kan beduidende probleme veroorsaak.

Registrasie is 'n bewys dat die huwelik bestaan; om dus te probeer bewys dat 'n ongeregistreerde huwelik bestaan, is moeilik. Dit sal 'n invloed hê op die hof se vermoë om die regte van gades in geval van 'n egskedding te beskerm, asook die erfenis van 'n oorledene se boedel en die regte van kinders en familieledede.

Nog 'n moontlike probleem is dat partye by 'n gebruikelike huwelik dikwels egskedding vewar met huweliksmaats wat mekaar verlaat. Dit is belangrik om daarop te wys dat slegs 'n hof met behoorlike jurisdiksie 'n egskedding toestaan. Getroude paartjies wat mekaar verlaat, sal nie baat by die wetlike reëls wat die einde van 'n huwelik reguleer nie. **V**

Vir meer inligting oor hierdie kwessie, skakel die Kommissie vir Geslagsgelykheid op hierdie nommer: 0800 007 709.

Die regering bring verligting vir huishoudings

Dale Hes

Die regering doen baie om die finansiële las wat op gewone Suid-Afrikaners geplaas word, te verminder deur die nulgradering van sekere verbruikersitems.

Nulgradering is daarop gerig om verligting te bring aan lae inkomste huishoudings, wat 'n hoë persentasie van hul inkomste aan huishoudelike goedere bestee.

Nulgegradeerde items word vrygestel van die 15% belasting op toegevoegde waarde (BTW). Die doel is om Suid-Afrikaners te help om geld te bespaar.

Daar is 19 basiese kosse wat vrygestel is van BTW. Dit sluit onder meer in: mielies, stampmieleis, rys, bruinbrood, vrugte,

groente, sardyne en eiers.

Daarbenewens is items soos diesel, petrol en paraffien, asook sekere dienste, insluitend huurverblyf, spoor- en padvervoer en opvoedkundige dienste, ook vrygestel van BTW.

In Februarie het die regering aangekondig dat BTW van 14% tot 15% verhoog word. Die regering het erken dat dit armer huishoudings onder meer finansiële druk sal plaas.

Om die stygende lewenskoste te verlig, het die Minister van Finansies, Nhlanhla Nene, 'n paneel aangestel om aanbevelings te maak oor watter bykomende huishoudelike items ook van BTW vrygestel moet word.

Na intensiewe navorsing en openbare konsultasies het die paneel aanbeveel dat die volgende items ook by die lys

gevoeg moet word:

- Witbrood
- Wit meel
- Koekmeel
- Sanitêre produkte
- Skooldrag
- Babadoeke

Die paneel het die Nasionale Tesourie ook aangemoedig om te verseker dat al die voordele van nulgradering na verbruikers eerder as produsente gaan.

Die paneel het ook ander maniere aanbeveel om arm huishoudings te help, byvoorbeeld die versterking van regeringsprogramme soos voedingshulp, gratis voorsiening van sanitêre produkte en maatskaplike toelae as gebiede waar die regering se besteding verhoog kan word.

Minister Nene het in sy begrotingsrede gesê die regering



sal aandag daaraan gee om te verseker dat die armste armes nie die swaarste deur die BTW-koers getref word nie. **V**



Sithibe leef haar beste lewe met albinisme



■ Lerato Sithibe is aan die voerpunt om bewustheid oor albinisme te verhoog.

Galoome Shopane

Lerato Sithibe is 'n vrou wat met albinisme leef. Sy dra haar vel trots en laat nie negatiewe stereotipes toe om haar te definieer nie.

"Dit is belangrik dat mense soos ek nie toelaat dat ander hul identiteit definieer nie. Dra jou vel trots omdat jy wonderlik gemaak is," sê sy.

Sithibe (28) van Kroonstad in die Vrystaat, verduidelik dat albinisme, wat 'n oorerflike toestand is, beteken dat minder melanienpigment in die persoon se vel, hare en/of oë gevorm is.

"Ons is nie die 'muthi' of vreemdelinge soos mense dink ons is nie. Ons is mense net soos al die ander."

Sithibe het verskillende rolle. Sy is 'n model wat ook mode gebruik om bewustheid oor albinisme te verhoog. Hierbenewens, is sy 'n aktivis vir mense met gestremde hede in die Vrystaat.

"Ons is nie 'muthi' soos mense dink ons is nie. Ons is mense net soos al die ander."

Sy sê sy het grootgeword met 'n liefdevolle gesin wat haar nooit anders laat voel het of vir haar minder liefde gegee het omdat sy albinisme het nie.

"Ek het nie verstaan waarom my velkleur anders was as ander mense s'n nie, hoekom elke keer as ek uitgaan, mense my name noem en na my staar asof ek 'n vreemdeling is nie."

Die stigma wat aan albinisme kleef, het Sithibe meer dankbaar gemaak vir haar gesin, en sy sê dit is aan hulle te danke dat sy vandag 'n sterk en selfversekerde vrou is.

Een van Sithibe se trotsste prestasies is die feit in dat sy as Mej. Vrystaat Albinisme gekroon is en gekies is as een van die finaliste vir die gesig van die Vrystaatse Modeweek 2018.

September is Albinismebewustheidsmaand en Sithibe sê dit sal haar baie gelukkig maak as meer mense met albinisme die vrymoedigheid het om sukses in die modelbedryf, asook ander sektore te behaal. ■

Hoe moet mense met albinisme hulself oppas?

Vermy blootstelling aan die son tydens die spitsye van sonligintensiteit (09:00 tot 15:00).

- Dra beskermende klere met breërandhoede en hemde of rokke met 'n kraag en lang moue.
- Gebruik sonskerm op al die dele van jou vel wat aan die son blootgestel word, ten minste SPF 30, en herhaal dit elke twee uur wanneer jy in die son is.
- Besoek jou dokter gereeld vir oog- en velondersoeke.
- Dra 'n sonbril wanneer jy aan die son blootgestel word.

Closed clinic transformed into pre-school

Dale Hes

The old Newlands Clinic in Cape Town has been given a new lease on life, after being converted into a pre-primary school that caters to 125 children between the ages of three and six.

The Western Cape Government saw the opportunity to give the children of Barkly House Pre-Primary School a better learning environment, converting the closed-down Newlands Clinic into new premises for a school, at a cost of R10.2 million.

Facilities at the converted and modernised new building include five classrooms, a science block, a music room and aftercare facilities.

The Western Cape Department of Transport and Public Works called on award-win-



■ From left to right. Architect Rahdia Parker; Barkly House principal Jeni Reid, Western Cape Education Minister Debbie Schafer and Western Cape Transport and Public Works Minister Donald Grant with some of the pre-school children.

ning female architect Rahdia Katieb Parker to lead the transformation.

Parker is the co-founder of Archi.CapeTown, a 100 percent black and female owned company which focuses on community and education projects.

Parker said that the project was based around giving children a positive first experience of school.

"It was important that, during the design of Barkly House, positive experiences were established, to give chil-

dren a sense of safety, freedom, exploration and connection to landscape," said Parker.

"The school was designed to promote good mental, physical and emotional wellbeing while learning. I believe that the school sets new standards

for learning that the Department of Education can be proud to promote," Parker added.

During the past years Parker has been closely involved with the education sector of the Western Cape. In 2012, she initiated a project to address overcrowding in schools. The project has since placed 950 schools in 200 locations around the province.

Barkly House Pre-Primary principal Jeni Reid, said that the new building has greatly improved the learning environment for the children.

"It has been wonderful to be a part of the process and we are loving the new environment. We have more space and better facilities. We have also been able to increase our pupil numbers from 75 to 125, and we already have a long waiting list for the future," said Reid. ■

Birds eye view of Soweto for Tourists

WHEN INNOVATION meets excitement a lucrative aviation company takes to the skies.

More Matshediso

Wiseman Ntombela has a passion for Soweto's blue skies which has driven him to open his own tourism aviation company called Fly SA Wise.

Ntombela was concerned that tourists frequent Soweto a township in Gauteng, but never get to see the whole township only spending time on Vilakazi Street where the house of the late former President Mandela is situated.

He did research on how he could get visitors to see the whole township within a short space of time, and the only solution was a helicopter.

"I started having talks with helicopter and aviation companies and they agreed that this is a good idea," he said.

In 2016, Fly SA Wise became

operational offering visitors a bird's view of the iconic township with a cost of R250 for a 15 minutes helicopter ride.

"We have different prices depending on the experience that the client requires. Apart from flying over Soweto, we also fly our clients to Kruger National Park and the Mandela Museum in the Eastern Cape," he added.

Over the years the company has expanded on services that it renders and it now flies clients to different places for breakfast and lunch.

The company has also collaborated with other companies that offer experiences such as air balloon, sky diving, and private game reserves.

In order to promote South Africa to the world, the company also uses technology to livestream experiences of its clients, sharing this on different social media platforms. "This enables



■ Fly SA Wise Managing Director Wiseman Ntombela is excited about flying tourists all over Soweto.

people in different countries to see what the tourists are experiencing in South Africa and in a way we are taking South Africa

to the world," said Ntombela. This company which has also created four permanent jobs and ten casual also won

R200 000 during the 2018 Gauteng Township Entrepreneur Awards for tourism innovation. ■

Alles wat jy moet weet oor hoe om 'n B&B te begin

Dale Hes

Wil jy 'n inkomste verdien deur verblyf aan toeriste te bied, en hulle die beste moontlike ervaring tydens hul besoek aan jou area te gee? 'n Bed en ontbyt (B&B)-bedryf is een van die lonendste maniere om 'n sake-eienaar binne die toerismebedryf te word. Hier is alles wat jy moet weet oor hoe om jou eie B&B te bedryf.

Wat is 'n B&B?

Volgens die Toerisme-graderingsraad van Suid-Afrika voorsien B&Bs informele verblyf met beperkte diens in 'n privaat woning aan besoekers.

Elke kamer moet eksklusiewe gebruik van badkamer-



geriewe hê, en ontbyt moet by die verblyftarief ingesluit word. Daarbenewens moet die kamer elke dag van die gaste se verblyfskoongemaak word.

'n Bed-en-ontbyt mag 'n maksimum van drie gastekamers hê. As jy meer as drie gastekamers het,

moet die onderneming as 'n gastehuis beskryf word.

Deur watter prosesse moet jy gaan om jou eie B&B te begin?

Die eerste stap wat geneem moet word is om jou plaaslike munisipaliteit te nader

om aansoek te doen vir soneringsvergunning om jou eiendom as 'n akkommodasie-onderneming te gebruik. Jy sal dalk ook toestemming van jou bure moet verkry, en kennisgewings vertoon om die publiek in kennis te stel van jou voorneme indien hulle besware wil indien.

Wanneer jy goedkeuring van die munisipaliteit ontvang, sal jy sekere wetlike vereistes moet nakom.

Belangrike dinge om te oorweeg

Ligging – Die ligging van jou B&B is uiters belangrik. As jy in 'n gebied woon wat nie toeriste lok nie, sal dit moeilik wees om 'n suksesvolle onderneming aan die gang te hou.

Finansies – Toerisme kan hoogs seisoenaal wees, jy moet dus

genoeg spaargeld hê om jou deur stil tye van die jaar te dra. **'n Nuwe lewenstyl** – Jou leefstyl sal dramaties verander as jy die eienaar van 'n B&B word. Jy sal dikwels vroeg moet opstaan en laat gaan slaap, en jy sal moet aanpas by gaste wat jou huis deel. Jy moet ook aandag gee aan instandhouding en jou gaste te alle tye tevrede hou.

Bemark jou B&B – Die toerismebedryf is hoogs mededingend; jy sal dus tyd en geld in die bemarking van jou B&B moet belê. Jy sal aan kreatiewe maniere moet dink om jou besigheid te adverteer. ■

Vir meer inligting, skakel die Toerisme-graderingsraad by 011 895 3000.